higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

28 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 D
1.3 A
1.4 B
1.5 B
1.6 A
1.7 B
1.8 C
1.9 A
1.10 C

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Onwaar
2.6 Onwaar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 Onderstrykwerk
3.2 Finale strykwerk
3.3 Inplooivoetjie
3.4 Werksvloei
3.5 Binders
3.6 Finale keuring
3.7 Delegering
3.8 Opleiding
3.9 Indiensopleiding
3.10 Keuring

TWEE punte per antwoord. Indien daar meer as EEN opsie vir 'n antwoord is, is enige EEN van die antwoorde aanvaarbaar. (10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 K
4.2 E
4.3 A
4.4 J
4.5 B
4.6 L
4.7 N
4.8 D
4.9 H
4.10 G
4.11 O
4.12 Q
4.13 F
4.14 I
4.15 M

(15 × 2) **[30]**

VRAAG 5

	FUNKSIE	BESKRYWING
5.1	Beplanning	Om vooraf te besluit hoe om beskikbare en potensiële hulpbronne toe te wys✓ ten einde gestelde doelwitte te bereik✓
5.2	Organisering	'n Struktuur wat dit moontlik maak om die beplande doelwitte van die onderneming te bereik✓
5.3	Personeelvoorsiening	Mensehulpbronne om te verseker dat die regte persoon✓ die regte pos beklee✓
5.4	Leiding	Aktiwiteite is daarop gerig✓ om die organisasie se doelstellings te bereik✓
5.5	Beheer	Meting en verbetering van prestasie, monitering van aktiwiteite✓ ten einde te verseker dat die maatskappy se doelstellings bereik word, soos beplan.✓

(5 × 4) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 'n Merker is 'n diagram✓ van 'n noukeurige rangskikking van patroonstukke✓ vir die groottes van 'n spesifieke styl✓ wat onmiddellik uitgeknip moet word.✓ Die patroonstelsel is reggestel✓ en perfek gemaak, en bevat elke patroonstuk✓ wat vereis word om die kledingstuk te voltooi.✓ (7)

6.2 Voordele:

- Arbeidsbesparend. Slegs een bediener word benodig vir hierdie outomatiese masjiene✓
- Akkurate werking van die masjien✓ indien dit korrek gemonteer en geprogrammeer is✓

Nadele:

- Duur✓✓
- Vereis spesiale tafels vir opstelling✓✓
- Meganiese masjiene wat per hand gestoot moet word, is swaar. Twee goed opgeleide werkers is dikwels meer doeltreffend en vinniger.✓
- Materiaal is meer rekbaar as in opstelling per hand. Dus word 'n langer ontspanningsperiode benodig vir breistowwe en losgeweefde materiale✓
- Minder akkuraat as opstelling per hand✓ in die geval van gestreepte en geruite materiale✓

(Enige TWEE nadele 4 × 2) (8)

6.3

TIPE MATERIAAL	WENK
Eenrigting-ontwerpe	• Alle patrone moet in dieselfde rigting uitgelê word.✓ Dit is noodsaaklik om te verseker dat die rigting dieselfde is. Dit moet na bo wys. • Persentasie vermorsing sal baie hoër wees.✓ Die rigting waarin die pool uitgelê moet word, moet duidelik gemerk word.✓ • Die rigting van die pool moet altyd van bo na onder wees. Behalwe poolstowwe, wat altyd van onder na bo moet wees.✓ (Enige TWEE)
Fluweel	• Slegs 4–6 lae lê oop✓ en voorkant na bo✓
Leer	• Enkellaag, word aan die verkeerde kant met 'n draailem gesny.✓ • Lê oop,✓ agterkant na bo✓ (Enige TWEE)
Geruite stof	• Normaalweg direk op die lap beplan✓ om die ruite oor die kledingstuk te laat pas✓ • Die voorpant en agterpant lê langs mekaar✓ aan die einde van die laag om die ruite oor die liggaam van die kledingstuk te laat pas✓ • Lê oop✓, voorkant na bo✓ (Enige TWEE)
Gestreep	• Noodsaaklik om die lê op dieselfde streep/kleur te begin. Stuitpenne word deur die materiaal gedruk om dit in posisie te hou.✓ • Lapklampe word ook gebruik. Die eenvoudigste manier is om oop lês te beplan✓ • met dubbele patrone✓ direk op die lap✓ (Enige TWEE)
Pelsstof	• Materiaal se lê slegs een of twee lae. Maak seker pool is in een rigting. Indien nie, sal dit 'n verskil in skakering veroorsaak. Pels is meestal 'n nou materiaal en vereis oop uitleg✓ en voorkant na bo✓, omdat dit tydens die snyproses sal gly.✓ (Enige TWEE)

(6 × 2) (12)

6.4

- Temperatuur.✓ Die toegepaste warmte wat deur die masjien opgewek word.✓
- Tyd.✓ Dit is die tyd tussen die oop- en toemaak van die parsmasjien.)✓
- Druk. Dit is noodsaaklik om gelyke druk oor die hele komponent toe te pas.✓
- Lostreksterkte. Hierdie toets kontroleer die sterkte van die binding tussen die boonste lap en die binnevoering;✓ die krag om dit uitmekaar te trek.✓ (Enige EEN)
- Droogskoonmaak en/of was.✓ Daar word aanbeveel dat produksiekledingstukke op 'n gereelde basis aan die geskikte skoonmaakmetodes onderwerp word.✓ (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

6.5
- Voorkant na bo
- Agterkant na bo
- Voorkant na voorkant
- Op die vou
- Oop uitleg (Enige 3 × 1) (3)

6.6A Rolle
- Oop materiaal opgerol as 'n enkele laag regstreeks op 'n weggooibare buisvormige kartonkern
- Breistowwe word opgerol.
- Dun liggewigmateriale en satyn
- Breistof vir sporthemde of T-hemde. (Enige EEN tipe materiaal vir slegs EEN punt)

Los opgevou ('cuttles')
- Dubbelgevoude materiaal word akkuraat agtertoe en vorentoe gevou (80–90 cm). Die punt van die stuk word om die stapel voue gedraai.
- Geruite stof, bedlinne en T-hempmateriaal (buisvormige breistof).

(Enige EEN tipe materiaal vir slegs EEN punt)

Plat lae ('bolts')
- Opgevoude materiaal word op 'n weggooibare, plat bord, ongeveer 'n sentimeter breed, opgerol.
- Vir kant, medium tot swaar materiale, wolgoed, ongebleikte kaliko en materiale wat as voering gebruik word. (Enige EEN tipe materiaal vir slegs EEN punt)

Gehang
- Sommige soorte fluweel word gewikkel om spesiaal vervaardigde rame om te voorkom dat die pool platgedruk word.
- Fluweel (10)

GEBRUIK ÓF 6.6A ÓF 6.6B WANNEER JY 6.6 NASIEN.

6.6B

METODE	VERPAKKING	VOORBEELDE VAN TEKSTIELSTOWWE
Rolle	6.6.1 Oop materiaal opgerol as 'n enkele laag regstreeks op 'n weggooibare buisvormige kartonkern✓	6.6.3 Dun liggewigmateriale en satyn✓
	6.6.2 Breistowwe word opgerol.	Breistof vir sporthemde of T-hemde.✓
Los opgevou ('cuttles')	6.6.5 Dubbelgevoude materiaal word akkuraat agtertoe en vorentoe gevou (80–90 cm). Die punt van die stuk word om die stapel voue gedraai.✓	6.6.6 Geruite stof, bedlinne en T-hempmateriaal (buisvormige breistof). ✓
Plat lae ('bolts')	6.6.7 Opgevoude materiaal word op 'n weggooibare, plat bord, ongeveer 'n sentimeter breed, opgerol.	6.6.8 Vir kant, medium tot swaar materiale, wolgoed, ongebleikte kaliko en materiale wat as voering gebruik word.✓
Gehang	6.6.9 Sommige fluwele word gewikkel om spesiaal vervaardigde rame om te voorkom dat die pool platgedruk word.	6.6.10 Fluweel✓

(10)
[50]

VRAAG 7

7.1
- Misverstand.✓
  Die individu verstaan iets anders as wat bedoel is.✓✓
- Status en geleerdheid.✓
  Die sender is dalk 'n persoon wat baie senior is met betrekking tot onderwys, ervaring en agtergrond in vergelyking met die ontvanger.✓✓
- Afstand. ✓
  Hoe nader die ontvanger aan die sender is, hoe beter sal die ontvanger verstaan. Ontvanger sal die inligting hoor.✓✓
- Geraas.✓
  Dit veroorsaak dat die boodskap onduidelik oorgedra word. As daar te veel geraas is, kan gedeeltes van die belangrike boodskap wat oorgedra word verlore raak.✓✓
- Gesindheid/houding.✓
  Die gesindheid wat die ontvanger jeens die sender openbaar.✓✓
- Taal.✓
  Die ontvanger verstaan nie heeltemal die taal wat die sender gebruik nie.✓✓
- Kulturele struikelblokke. ✓
  Dit kom dikwels voor. In die Zulukultuur, byvoorbeeld, word dit as 'n teken van respek beskou as jy oogkontak vermy, maar in die Westerse kultuur kan dit op oneerlikheid dui.✓✓
- Emosionele toestand.✓
  Buie of stemmings beïnvloed die manier waarop mense boodskappe ontvang. Indien mense stres ervaar, kan hul objektiewe oordeel aangetas word.✓✓ (Enige 6 × 3) (18)

7.2 Dit is die kuns of proses om mense te beïnvloed✓ sodat hulle toegewese take gewillig en op 'n bekwame en effektiewe manier uitvoer.✓ Leierskap inspireer en motiveer✓ dus die arbeidsmag. (3)

7.3
- Traag wanneer dissipline afgedwing moet word
- Nie genoeg inisiatief nie
- Te min geduld
- Word senuweeagtig en opgewonde onder druk
- Oorgretig om te argumenteer
- Onvoldoende bedryfskennis
- Kan nie 'n taak op die gegewe tyd voltooi nie
- Verskaf onvoldoende opleiding
- Neem 'n ingesteldheid van voortrekkery in (9)

7.4
- Hy/sy moet die fabriek inspekteer om te verseker standaarde met betrekking tot die owerhede en veiligheidsbeginsels van die organisasie word toegepas.
- Hy/Sy moet kennis dra van aankope, installering en toetsing van beskermende toerusting en brandblussers.
- Algemene veiligheid of beheer.
- Hy/Sy moet toesien dat veiligheidsinspeksies gereeld plaasvind en dat verslae daaroor geskryf word.
- Hy/sy moet ongelukke ontleed en ongeluk- en beseringsverslae bestudeer.
- Beplanning en toepassing van veiligheidsopleiding.
- Dien as 'n skakel tussen organisasie en private staatsliggame met betrekking tot alle beserings, ongelukke en fisieke ongeskiktheid van personeel.
- Alle rekords moet bygewerk wees.
- Dit is belangrik om ongelukke aan te teken; nie slegs om aan regsvereistes te voldoen nie, maar ook om te verseker dat besonderhede beskikbaar is ingeval van 'n versekeringseis.
- Dit kan ook help om te identifiseer of daar 'n behoefte aan opleiding bestaan. (Enige 5 × 1) (5)

7.5
- Stel die opgeleide noodhulppersoneel in kennis.
- Ontruim omstanders.
- Assesseer of die persoon gehospitaliseer moet word en ontbied 'n ambulans.
- Gee presiese besonderhede oor die aard van die ongeluk en die simptome wat die pasiënt openbaar.
- Die adres, naam en telefoonnommer.
- As jy die persoon behandel, moet hom/haar nie beweeg nie, tensy hy/sy in gevaar verkeer.
- Bly kalm.
- Sien toe dat die pasiënt so gemaklik moontlik is en praat met hom/haar.
- As die ongeluk elektries van aard is, maak seker dat die elektrisiteit afgeskakel is. (Enige 7 × 1) (7)

7.6 Rommel – Ophoping van kartondose, verpakkingsmateriale is potensiële beginpunte van brand. ✓

Elektrisiteit is 'n bron van warmte en as 'n fout in die bedrading ontwikkel, hoop dit op en kan dit 'n brand veroorsaak. ✓

Rook – Waar ook al sigarette en vuurhoutjies gebruik word, is daar 'n gevaar dat brand kan ontstaan. ✓

Ontvlambare goedere – Wees versigtig indien items soos verf, kleefstowwe, olie of chemikalieë geberg word of op die perseel gebruik word. (4 × 2) (8)

[50]

VRAAG 8

8.1


	PRODUKUITLEG	PROSESUITLEG
Voordele	• Makliker toesighouding • Minder hantering van materiale • Inspeksie vereenvoudig • Minimale deurlooptyd • Maksimum gebruik van halfgeskoolde arbeid (Enige 4 × 1)	• Buigsame stelsel • Hoër masjiennut • Geskoolde werkers noodsaaklik • Onklaarrakings bring nie die hele produksie tot stilstand nie • Ruimte vir gespesialiseerde toesighouding (Enige 4 × 1)
Nadele	• Hoë volume werk benodig • Veranderinge kan nie geredelik/maklik uitgevoer word nie • Ineenstorting van een kan hele vloei tot stilstand bring	• Intensiewe voorafbeplanning • Toesighouding en beheer is moeiliker • Hoër uitgawe aan grondstowwe • Buffervoorraad vereis • Nie moontlik in 'n KMT-fabriek nie (Enige 3 × 1)

(14)

8.2 'n Produksiestelsel is 'n integrasie van materiaalhantering,✓ produksie-prosesse,✓ personeel✓ en toerusting✓ wat werksvloei rig✓ en klaarprodukte tot stand bring.✓ (6)

8.3
- Voorbereiding✓ – al die funksies waar onderdele van kledingstukke nog nie inmekaargesit (ná dit gesny is), gemerk, van etikette voorsien en gebondel is nie.✓ Intrekking, plooitjies, pylnate, omkap van oop enkelnate, saamvoeg van oplegselnate, afwerking van klein stukke soos sakke.✓
- Inmekaarsit✓ – werklike kledingstuk-onderdele word aangemaargelas.✓ Sluit naat middelagter, sit ritssluiter in, heg synate, maak skouernate toe, sit moue in, maak krae en lyfbande vas, ens.✓
- Afwerking✓ – handelinge om af te rond sodra kledingstuk aanmekaargesit is.✓ Knoopsgate, knope aanwerk, soom, knip alle los draadjies af, finale strykwerk, inspeksie en verpakking. ✓ (3 × 3) (9)

8.4



(8)

8.5 Intelligensie,✓ tegniese kennis,✓ waarneming,✓ integriteit✓ en geduld.✓ Hy/Sy moet taktvol en geduldig wees in sy/haar hantering van werkers.✓ Hy/Sy moet 'n hoë mate van lojaliteit en integriteit besit.✓ Hy/Sy moet in mense belangstel.✓ (8)

8.6 Swak kommunikasie het foute,✓ angs,✓ lae moraal,✓ ontoereikende beheer✓ en aggressie✓ tot gevolg. (5)

[50]

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Klank (hoor)✓ – nuttig vir waarskuwings en alarmdoeleindes.✓ Die voordeel van klankseine is dat operateurs gedwing word om te luister en dadelik aandag te gee as daar 'n onklaarraking of foutiewe werking is.✓ Klankseine gee opdragte op 'n sterker manier as seine.✓ Verbale boodskappe/inligting deur middel van interkomstelsels.✓ (6)

9.1.2 Sig (sien)✓ – (visuele) ligte wat flikker, vertoon waarskuwingstekens visueel om die operateur in te lig oor gevaar of foutiewe werking.✓ Visuele seine is nie so effektief soos klank nie,✓ omdat die operateur nie altyd die lig kan sien as hy/sy besig is nie.✓ Gebruik van diagramme op kennisgewingborde.✓ (6)

9.1.3 Aanraking (voel)✓ gebruik om inligting oor te dra wanneer die operateur die kontroles op die masjien aanraak.✓✓ (3)

9.2
- Hou gange en paadjies skoon; verwyder alle los voorwerpe at rondlê.
- Hou eie werkstasie/werkplek skoon en netjies.
- Vee olie op vloere op of bedek met saagsels.
- Meld stukkende/beskadigde of oop vloere aan wat 'n veiligheidsrisiko kan inhou.
- Moenie op voerband of versperde gang stap of staan nie. (5)

9.3 9.3.1
- Hoë vlak van kleurpassing word vereis.
- Gewig van ritssluiter moet versoenbaar wees met dié van kledingstukmateriaal.
- As dit uit staal gemaak is, mag geen verroesting verskyn nie.
- Detail moet kleurvas wees, en nie verbleik of aanliggende materiaal vlek nie. (3)

9.3.2
- Metaalgespes moenie roes of vlek nie, en metaal moenie afskilfer nie.
- Plastiek- en nylongespes moenie verbleik of smelt nie of hul glans in wasproses verloor nie. (3)

9.3.3
- Dit kan uit plastiek, staal of koper gemaak word, met 'n ontwerp op die doppie.
- Gebruik sluiters sonder defekte.
- Onderdele van knopies moet deeglik in mekaar pas. (3)

9.4
Klas 100✓ Kettingtipe steke✓
Klas 200✓ Handgevormde steke✓
Klas 300✓ Sluitsteke✓
Klass 400✓ Multidraad-kettingsteke/sluitkettingsteke✓
Klass 500✓ Oorlangse kettingsteke✓
Klass 600✓ Platnaat/deksteke✓ (6 × 2) (12)

9.5

SOORTE SOME	BREEDTE	GEBRUIK VAN SOOM
Rolsoom✓	3–5 mm✓	• Sagte, gladde materiaal, soom word met 'n soomvoetjie gestik. • Sirkelvormige romp, valle, lingerie/vroueonderklere (Enige EEN)
Enkelsoom✓	3–5 cm✓	• Medium en swaargewigmateriaal van A-lynrompe. • Liggewigmateriale van bloese en rokke. Slegs een vou, kantafwerking word dikwels benodig. (Enige EEN)
Gewone soom✓	2–5 cm✓	• 2 cm vir uitklokrompe; 3–5 cm vir regaf rompe. • Soom het twee voue, een of twee stiklyne. (Enige EEN)

(3 × 3) (9)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou